Hierdie benadering het natuurlik verdienste - veral as armoede baie wydverspreid voorkom en rykdom tot 'n minimum beperk is. Maar hierdie benadering verloor gou sy absolute meriete : hoe groter die koek word, hoe swakker word die argument dat die koek eers (of nog) groter moet word voordat dit enigsins gelyker gesny kan word.

In Suid-Afrika waar onverdiende rykdom so lynreg teenoor onverdiende armoede staan - en hierdie "onverdiendhede" struktureel deur Apartheid in stand gehou en selfs vererger word - word die "groeimanskap" argument heeltemal oordryf in 'n poging om Apartheidskapitalisme - en die ideologie wat dit ondersteun - te probeer regverdig. Dit is so vanselfsprekend onhoudbaar dat dit geen verdere betoog nodig het nie.

(b) 'n Hoë groeikoers is die oorsaak van groter ongelykheid. Dit is die standpunt van die Neo-Marxiste. Hulle beklemtoon die skewe magstrukture en die skewe verdeling van eiendom en beweer dat in 'n groeiende ekonomie - veral as doelbewuste politieke ingryping en herverdelingsmaatreëls ontbreek - die rykes geneig is om ryker en die armes om armer te word.

Ons moet rekening hou met die ongelukkige stand van sake dat solank Apartheid bestaan, die Suid-Afrikaanse situasie deur Neo-Marxiste gebruik en misbruik kan word om stemming téén ekonomiese groei te maak. In die oorgangsfase waarin ons van Apartheid ontslae moet raak, sal herverdelingsmaatreëls getref word om te sorg dat (minstens) die grootste deel van die addisionele volksproduk die armes ten goede sal kom. Slegs sodanige herverdelingsmaatreëls en toepaslike strukturele hervorming (teen die gewenste tempo) kan die Neo-Marxistiese propaganda en die revolusionêre potensiaal na wense ontlont.

(c) 'n Baie Ongelyke verdeling van inkome is 'n voorwaarde vir 'n hoë groeikoers. Dit is die Ricardiaanse standpunt. In die tweede dekade van die vorige eeu, het Ricardo 'n sterk saak vir ekonomiese groei uitgemaak. Met sy grondrenteteorie het hy probeer aantoon dat die grondrente van grondeienaars sosiaal onverdedigbaar is omdat hulle hul monopolie op die besit van goeie grond tot nadeel van die gemeenskap misbruik. Ricardo het ook probeer aantoon dat 'n loon hoër as die bestaansminimum slegs tot groter bevolkingsgroei én tot 'n afname in ekonomiese groei sal lei. In ooreenstemming met die groeimanskapbenadering pleit hy vir geen grondrente, minimum lone en maksimum profyte.

Die Ricardiaanse argument dat 'n baie ongelyke verdeling van inkome 'n voorwaarde vir 'n hoë groeikoers is, het die heersende ortodoksie en die ideologiese regverdiging van Laissez-faire Kapitalisme in die 19de eeu geword. Die Ricardianisme was egter 'n te eensydige ideologie en is te lank gepredik en "aanbid". Dit het die teelaarde vir Sosialistiese propaganda geskep.

Aangesien Suid-Afrika 'n onderontwikkelde land is met kenmerke wat aan die 19de eeuse Wes-Europa herinner, is daar - in blanke ofte wel burgerstandkringe - 'n te groot geloof in Ricardianisme. Ek staan verstom oor hoe baie mense vandag nog Ricardianisme in allerhande gesofistikeerde vorme as "kapitalistiese wysheid" probeer "verkoop". Die 19de eeu was waarskynlik 'n baie gerieflike eeu vir die bourgeoisie. Ons moet eenvoudig besef dat ons nie meer in die 19de eeu nie, maar aan die einde van die 20ste eeu leef. In hierdie tydvak is daar beslis nie plek vir (verskuilde) Ricardianisme nie.

Indien 'n mens die Ricardiaanse argument verwerp dat 'n baie ongelyke verdeling van inkome 'n voorwaarde vir 'n hoë groeikoers is, beteken dit geensins dat 'n mens in die ander uiterste verval om vir 'n gelyke verdeling van inkome te pleit nie. Dit is natuurlik uit 'n groei-oogpunt belangrik dat inkome nie te gelyk verdeel sal word en dat dit ook nie te vinnig gelyk verdeel sal word nie. Henry Wallich stel die saak vir "creative inequality" soos volg: "If we want good performance, we must hold out rewards. To be effective, rewards must raise one man above another ... Inequality ... proves to be the price of progress and efficiency". (The Cost of Freedom : A new look to Capitalism, 1960, p. 126.)

Wallich se standpunt het meriete. Maar wanneer hy die "desirable degree of inequality" probeer definieer, begeef hy hom in onbegonne vaarwaters.

In Suid-Afrika is daar vir die afsienbare toekoms nie die gevaar dat inkome te gelyk verdeel sal word nie. Ons moet wel daarteen waak dat ons die strukturele ongelyhede nie te vinnig uit die weg sal probeer ruim nie. Dan loop ons gevaar dat die herverdelingsproses wat uit die oogpunt van die blankes in elk geval 'n "zero-somspel" gaan wees ("wat die swartes wen gaan die blankes verloor") maklik kan ontaard in 'n negatiewe-som-spel (of 'n té groot negatiewe somspel) waar swartes én blankes groot verloorders sal wees.

(d) 'n (Tydelike) ongelyke verdeling as voorwaarde vir 'n hoë groeikoers in ontwikkelingslande. Dit is Arthur Lewis se benadering op grond van die sg. Kuznets-kromme. Dit is in effek natuurlik niks anders as 'n poging om 20ste eeuse lewe in die Ricardiaanse benadering te blaas vir ontwikkelingslande nie.

Lewis se groeibenadering word sterk teengestaan deur Paul Streeten: "It certainly was not true that a period of increasing poverty or unequality was needed in order to accumulate capital and stimulate entrepreneurship. It was found that small farmers saved at least as high a proportion of their income as big landlords, and were actually more procuctive in terms of yield per acre, and that entrepreneurial talent was widespread and not confined to large or foreign farms" ("From Growth to Basic Needs", Finance and Development, Sept. 1979, p. 29.).

Streeten is ook van mening dat die Lewis-benadering in elk geval nie daarin geslaag het om in ontwikkelende lande oor die lang termyn armoede uit die weg te ruim en ongelykheid te verminder nie. Hy betwis dus nie alleen die strategie dat groter ongelykheid tot groter groei sal lei nie, maar ook die belofte dat groter groei mettertyd tot 'n gelyker verdeling van inkome sal lei.

Aangesien die Lewis-benadering 'n vorm van Ricardianisme is en dit op sy beurt die onderliggende ideologie van Apartheidskapitalisme is, het ons te veel daarvan in Suid-Afrika gehad. Diegene wat hulle toevlug tot die Lewis-benadering en die Kuznets-kromme wil maak, is op die verkeerde plek en op die verkeerde tyd.

(e) Utilitarianisme en 'n gelyker maar nie 'n te gelyke verdeling van inkome. Hierdie benadering is 'n moderne versie van Pigou se pleidooi vir 'n gelyker verdeling van inkome wat berus op die veronderstelling dat 'n interpersoonlike vergelyking van nuttighede (wetenskaplik) moontlik is en dat die wet van dalende grensnut met gelyke spoed sou intree. Hoewel die wetenskaplikheid van die Pigou benadering ernstig bevraagteken kan word, het dit tog 'n groot invloed op die herverdelingsbeleid van Westerse lande gehad.

Met sy argument van 'n gelyker maar nie te gelyke verdeling wil die Utilitarianistiese benadering 'n versoening bewerkstellig tussen die egalitêre standpunt (of die idee van gelykheid as moraliteit) en die meritokratiese standpunt (d.w.s. die doeltreffendheidstandpunt dat produksiefaktore volgens hulle "produktiwiteit" - wat dit ookal mag beteken - vergoed moet word). Dié poging is verdienstelik maar te vaag om van praktiese nut te wees.

(f) 'n Gelyker verdeling van geleenthede as 'n voorwaarde vir ekonomiese groei op veral die langtermyn. J.M. Keynes kan as 'n voorloper van hierdie standpunt beskou word. Hy het in sy General Theory die Ricardiaanse standpunt verwerp en beweer dat dit miskien meriete in die 19de eeu gehad het tot groot besparings en beleggings nodig was, maar dat 'n te groot besparingsneiging (wat uit 'n ongelyke verdeling van inkome spruit) sekulêre stagnasie in die 20ste eeu veroorsaak het.

Dit was egter die sg. Revolusie in Menslike Kapitaalvorming in die vyftigerjare wat die belangrike effek wat gelyker(onderwys- en opleidings-) geleenthede op die lang termyn groei kan uitoefen, in die kollig geplaas het. Ekonome soos Theodore Schultz, James Tobin, Edward Denison, James Meade en Solow beywer hulle almal vir groter belegging in menslike kapitaalvorming en gelyker geleenthede as 'n noodsaaklike voorwaarde vir volgehoue groei én as iets wat in ooreenstemming met minimum regverdigheid is. Vir Suid-Afrika is hierdie benadering van selfsprekend van groot belang soos ek hieronder sal aantoon.

(f) "Equality and Efficiency : The Big Trade-off". Dit is die titel van die merkwaardige boekie wat Arthur Okun in 1975 gepubliseer het. Daarin toon hy aan dat daar - ten minste oor die korttermyn - na alle waarskynlikheid 'n redelik groot afruiling tussen Gelykheid en Doeltreffendheid is. Hy druk dit plasties uit met sy stelling dat herverdeling gebeur met 'n emmer wat lek. Ná die herverdelingsmaatreëls getref is, sal daar waarskynlik minder water (= groei = doeltreffendheid) gesamentlik in die "tenk" van die rykes en die armes wees. Maar hy is bereid om hierdie "prys" ter wille van groter regverdigheid te betaal. Of, in die terminologie wat ek verkies, sou 'n mens kan sê dat daar ná herverdeling minder water in die tenke mag wees, maar dit sal "verdeel" wees op 'n manier wat bevorderlik vir Sosiale Welvaart sal wees.

Okun is baie skerp in sy kritiek op Milton Friedman wat 'n gesofistikeerde Grensproduktiwiteitsteorie voorstaan. Só 'n benadering tot die verdelingsprobleem gaan beslis nie op nie. Dit is sinloos om net te konsentreer op die grensprdukteiwiteit wat produksiefaktore (en veral arbeid) vandag in die mark het en om hulle daarvolgens te vergoed. So 'n benadering is van belang vir statiese ekonomiese doeltreffendheid maar - soos Okun ook aantoon - het dit geen aanspraak as sou dit bevorderlik vir 'n regverdige verdeling wees nie. Wat uit 'n regverdigheidsoogpunt belangrik is, is watter sosiaal-ekonomiese en politieke faktore in die voorafgaande 20 of 40 jaar die "produktiwiteit" van die betrokke faktore "geslyp" het en "gevorm" het tot wat dit vandag is. Indien daar in hierdie periode "ontneming" en/of onreg in die "vorming" van sekere faktore (en veral arbeid) plaasgevind het, behoort 'n herverdelingsbeleid doelbewus daarvoor te kompenseer, d.w.s. dan is "affirmative

action" nodig. Hieroor voel Okun, Tobin en ander skrywers baie sterk.

Friedman verwerp egter "affirmative action". Sy groot beswaar is dat herverdelingsmaatreëls nie alleen doeltreffendheid (en groei) belemmer nie, maar dat dit ook vryheid aan bande lê. Maar wat bedoel Friedman met vryheid in hierdie verband? Maak hy 'n onderskeid tussen die etiek van vryheid en die etiek van gelykheid? Volgens Wallich hou Friedman hom met "ou vryheid" (soos dit in burgerstand kringe in die 19de eeu verstaan was) besig, terwyl die "nuwe vryheid" - of die vryheid van redelik gelyke geleenthede (d.w.s. die gelykheid van vryheid) - in vandag se wêreld groot tersaaklikheid het. Friedman sê hy kies "vryheid en doeltreffendheid" bo gelykheid. Maar dit is baie ouderwets om te dink dat vryheid net saam met doeltreffendheid en nie ook saam met gelykheid (of moraliteit) ter sprake kan kom nie. Een ding wat duidelik na vore tree in die debat tussen Friedman enersyds en Okun, Wallich, Tobin, e.a. aan die ander kant, is dat wanneer die afruiling tussen Doeltreffendheid en Gelykheid ter sprake kom, die effek wat die afruiling op vryheid en ander waardes gaan uitoefen, ook in ag geneem moet word. Kortom, dit is nie net die Doeltreffendheid (= Groei) en Gelykheid (= Moraliteit) wat ter sake is nie, maar die uiteindelike effek op Sosiale Welvaart. Wat hierdie effek werklik is weet ekonome klaarblyklik nog maar baie min van.

## 4. Herverdeling van inkome en die bevordering van Sosiale Welvaart in Suid-Afrika

Indien dit ons erns is om die Sosiale Welvaart van die totale bevolking van Suid-Afrika (tans 35 miljoen) te bevorder, sal toepaslike herverdelingsmaatreëls getref moet word as part en deel van 'n omvattende program van strukturele hervorming. Ons het rede om te vermoed dat die herverdeling redelik omvangryk sal moet wees en in die jare van voorlede eerder groter as kleiner sal word.

Wanneer 'n herverdeling van inkome in Suid-Afrika ter sprake kom, reageer die meeste blankes gewoonlik baie heftig en veroordeel dit skerp. Hierdie houding verbaas my. In die opvoeding van die blankes het daar erens iets baie ernstig verkeerd geloop. Herverdeling van

inkome is geensins so 'n ding uit die "bose" of so "sosialisties" soos die meeste blankes klaarblyklik geneig is om te dink nie. Herverdeling van inkome is so oud soos die berge en dit vind jaarliks op 'n redelike groot skaal via belasting en owerheidsbesteding plaas. Oor die afgelope vier dekades (en langer) het 'n redelike groot herverdeling van inkome vanaf die relatief ryk Engelssprekende belastingbetalers na die (aanvanklik redelik arm) Afrikaners plaasgevind en 'n belangrike bydrae gelewer tot die (aanvanklik geoorloofde) bevoorregting van die Afrikaners. Met verloop van tyd het dit egter tot 'n ongeoorloofde bevoorregting van die Afrikaners gelei.

Die feit dat 'n redelike groot herverdeling van inkome jaarliks via die fiskale optrede van die owerheid plaasvind, kan niemand betwyfel nie. Uit 'n Sosiale Welvaarts-oogpunt moet ons ons egter verantwoord oor die <u>aard</u> en die <u>rigting</u> en veral oor die <u>welvaartskeppende</u> effek van hierdie herverdelingsmaatreëls. Wat ons in Suid-Afrika nodig het, is 'n "herkanalisering" van die herverdeling. Terwyl dit tans hoofsaaklik vanaf die Johannesburge na die Pretorias en Lichtenburgs vloei, is daar 'n sterk saak voor uit te maak, dat die "hergekanaliseer" moet word, sodat dit eerder van die Johannesburge na die Soweto's sal vloei. Maar ek loop dinge vooruit.

5. <u>Enkele steukturele kenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie</u>

Voordat ons oor die <u>aard</u> en die <u>rigting</u> en die welvaartskeppende effek van herverdeling in Suid-Afrika kan besluit moet ons eers let op sekere strukturele kenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat óf as struikelblokke in die weg van die bevordering van Sosiale Welvaart (vir al 35 miljoen mense) aangemerk kan word, óf groot gedeeltes van die bevolking so uitskakel van die hoofstroom van ekonomiese en politieke bedrywighede dat hulle welvaart ernstig verwaarloos word.

Enkele sodanige "struktuurkenmerke" van die Suid-Afrikaanse situasie is na my mening ter sake by enige <u>Toekomsperspektief</u> oor die bevordering van Sosiale Welvaart in Suid-Afrika.

(a) <u>Die Hoë bevolkingsgroeikoers</u>

Die hoë bevolkingsgroeikoers van veral die swart- (d.w.s. die armste) bevolkingsgroep vorm 'n ernstige struikelblok. As synde 'n Derde Wêreldland wat relatiewe sekulêre stagnasie ondervind kan ons dit nie "bekostig" dat die bevolking in minder as 25 jaar verdubbel nie.

(b) Die skerp ongelykheid in die verdeling van inkome

Die skerp ongelyke verdeling van inkome waarvolgens onverdiende (hoofsaaklike blanke) rykdom lynreg staan teenoor onverdiende (hoofsaaklik swart) armoede en albei hierdie "onverdiendhede" met die struktuur van Apartheid te make het, is eweneens 'n baie ernstige struikelblok in die weg van alle pogings om Sosiale Welvaart te bevorder. Die inkomeverdeling in Suid-Afrika is waarskynlik die ongelykste van alle lande in die wêreld. Die Gini-koëfisiënt is 0,68, terwyl dit in lande soos Brasilië, Mexiko en Turkye 0,60 is. Dr Servaas van der Berg het in sy doktorsproefskrif beraam dat sowat 57 persent van die Suid-Afrikaanse bevolking nie daarin slaag om hulle Basiese Menslike Behoeftes te voldoen nie en dit ten spyte van die weelde en uitspattigheid wat 'n deel van die bevolking hulleself kan veroorloof.

(Dit is nogal interessant om te let op die gesamentlike effek van (a) en (b) op die kinders wat sedert Republiekwording in 1960 gebore is. Sowat 45 persent van alle blankes is jonger as 25 jaar en hulle is oor die algemeen besonder bevoorreg en verwen. Sowat 65 persent van alle swartes is jonger as 25 jaar en hulle is oor die algemeen baie arm en 'n groot deel is verbitterd. Indien dit werklik ons erns is om Sosiale Welvaart te bevorder, sal die groot en groeiende gaping tussen die verwende blanke en die meesal verbitterde swart jeug op een of ander manier oorbrug moet word.)

(c) Oordrewe kapitaalintensiteit

Die moderne sektor kan nie permanente werksgeleenthede bied aan die groeiende getal werksoekers wat die arbeidsmark betree nie en dit is 'n struktuurkenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat 'n bron van groot kommer is. Die groeiende getal onderindiensgenomenes moet deels aan die hoë bevolkingsgroei en deels aan die oordrewe kapitaalintensiteit van die moderne sektor (insluitende die moderne landbousektor) toegeskryf word. In 1980 was die Aanbod van Arbeid 10 miljoen en kon slegs 71/2 miljoen werksgeleenthede in die moderne sektor (insluitende huishulp) bekom. Die ander 21/2 miljoen moes hulle lewenstog in die periferie sektore (veral die onderhoudsladbou) vind. Indien 'n jaarlikse groeikoers van die BNP van 3 persent tot in die jaar 2000 gehandhaaf kan word (en dit lyk onwaarskynlik), sal die vraag na arbeid tussen 10 en 11 miljoen wees. Die aanbod sal dan 18 miljoen wees. Dit beteken dat goed 8 miljoen dan onderindiensgenome sal wees. Tensy

maatreëls getref kan word om te verseker dat kleinskaalse swart landbou 'n redelike getal hiervan kan "absorbeer", sal 'n baie groot gedeelte van die 8 miljoen hulle en die gesinne waaraan hulle behoort se lewenstog in die informele sektor moet verdien - wat maar 'n treurige vooruitsig is.

Verskeie faktore is vir die oormatige groei in kapitaal-intensiteit verantwoordelik. Die vernaamste hiervan is die "skewe" faktorpryse wat operasioneel in die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die afgelope kwart-eeu was.

'n Ekonomie kan produksiefaktore net "korrek" aanwend en statiese ekonomiese doeltreffendheid "benader" as die faktorpryse (van veral kapitaal en arbeid) die <u>relatiewe skaarsheid</u> van die betrokke faktore korrek reflekteer én as die faktore so indiensgeneem word dat die marginale produktiwiteite gelyk is.

Die vrymarkiers se propoganda dat alle pryse <u>markverwant</u> behoort te wees, was totaal misplaas. Ek wonder waar die vrymarkiers aan dié skewe opvatting gekom het. Die korrekte kliektaal is dat produksiefaktore (én ander) pryse die <u>relatiewe</u> skaarsheid korrek moet reflekteer. 'n Goed georganiseerde markekonomie, sou 'n metode kan wees om markpryse tot stand te bring wat relatiewe skaarsheid <u>redelik</u> korrek reflekteer. Maar mark- of markverwante pryse kan ook baie "skeef" wees en is (en was ook) dikwels baie "skeef". 'n Wanaangepaste owerheidsbeleid kan welliswaar vir die skewe faktorpryse verantwoordelik wees. Dit was ook gedeeltelik die geval in Suid-Afrika. Maar dan moet regeringsbeleid reggestel word eerder as om na 'n onbereikbare vrye mark te streef.

Oor die afgelope kwart-eeu was die prys van kapitaal chronies te laag vanweë 'n verkeerde rentekoersbeleid, 'n verkeerde belastingbeleid en 'n verkeerde wisselkoersbeleid. Aan die ander kant was die "prys" van arbeid chronies te <u>hoog</u> vanweë Apartheid, vanweë instromingsbeheer en veral vanweë die onderwysstelsel. (Terwyl die goudmynbedryf die lone van Swartarbeid tot 1972 kunsmatig te laag gehou het, was die goudmynbedryf daarvoor verantwoordelik dat hierdie lone daarna te vinnig en te hoog gestyg het.)

Die regstelling van die oormatige kapitaalintensiteit gaan 'n lang en pynlike proses wees. Maar dit is 'n aangeleentheid wat hoë prioriteit behoort te geniet indien ons (direk) die statiese ekonomiese doeltreffendheid wil verhoog en (indirek) wil toesien dat Sosiale Welvaart na wense bevorder word.

(d) <u>Faktore wat die bestaan van 'n vrye-markekonomie (permanent) belemmer</u>

Suid-Afrika het 'n markgeoriënteerde ekonomie wat hoegenaamd nie as 'n "vrye markekonomie" beskryf kan word nie en beslis ook nie tot 'n sodanige markekonomie omvorm kan word nie. Vanweë minstens drie struktuurkenmerke kan die markgeoriënteerde ekonomie nie as 'n <u>vrye mark</u> beskryf word nie: (i) 'n Baie groot magskonsentrasie en die daarmee samehangende institusionalisering en burokratisering bestaan in die private sektor, (ii) Die owerheid speel 'n te groot rol veral as 'n mens die oormaat van reëls en regulasies - veral ter bevoorregting van die blankes - in ag neem wat ten spyte van deregulering nog steeds bestaan. Hierdie reëls en regulasies en die groot deelname van die owerheid vorm inderdaad deel van strukturele apartheid, (iii) 'n Baie groot deel van die bevolking (veral swartes) is nog geensins volledig ingeskakel by die hoofstroom van die Suid-Afrikaanse markekonomie nie en hulle deelname is dikwels net tydelik en insidenteel. Maar wat veral belangrik is, is dat die meeste van hierdie mense nog nie oor die kennis, die vaardighede en veral nie oor die lewensingesteldhede beskik om op 'n konstruktiewe wyse aan die markekonomie deel te neem nie. Boonop ontbreek die geleenthede om die nodige vaardighede en gesindhede aan te leer.

(e) <u>Gebrek aan vertroue en aan teleskopiese vermoë</u>

Die chroniese gebrek aan vertroue en aan die nodige teleskopiese vermoë het 'n belangrike - maar ook 'n baie kommerwekkende - strukturele kenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomie geword. Normaalweg word die gebrek aan vertroue as 'n korttermyn en/of sikliese aangeleentheid beskou. Dit sou egter verkeerd wees om die gebrek aan vertroue en aan die nodige teleskopiese vermoë in Suid-Afrika as 'n korttermyn aangeleenthede en as van verbygaande aard te probeer voorhou.

Die chroniese gebrek aan vetroue moet natuurlik aan politieke faktore toegeskryf word. Die huidige vorm van Swart onluste het reeds in September 1984 begin en intussen endemies geword en in 'n binnelandse krisis ontwikkel. Dit het dus 'n ander karakter verkry as die Sharpville-(1960) en die Soweto-(1976) onluste. Sedert die Rubicon toespraak van Augustus 1985 verkeer die land ook in 'n ernstige buitelandse krisis. Die onderlinge versterkende wisselwerking tussen die binne- en buitelandse krisissituasies het inderdaad 'n ernstige vertrouenskrisis geskep wat baie negatief inwerk op langtermyn ekonomiese ontwikkeling. Hierdie vertrouenskrisis hou natuurlik verband met die Apartheidstelsel en met die Regering se hervormingsbeleid. 'n Mens kan eintlik nie 'n <u>Toekomsperspektief</u> oor die Suid-Afrikaanse ekonomie maak nie indien daar nie 'n vooruitsig is op toepaslike hervorming wat die vertrouenskrisis uit die weg kan ruim nie.

Wanneer die effek van die vertrouenskrisis ter sprake kom, moet die groot buitelandse blootstelling van die Suid-Afrikaanse ekonomie in ag geneem word. Die uitvoere en invoere - elk as 'n persentasie van BNP - is gesamentlik meer as 60 persent. Dit beteken dat Suid-Afrika 'n besonder "oop" ekonomie het en ook baie kwesbaar is. Vanweë hierdie groot buitelandse blootstelling, is dit belangrik om te besef dat Suid-Afrika nie sy ernstige ekonomiese probleme kan oplos - en Sosiale Welvaart nie na wense kan bevorder nie - sonder 'n groot en groeiende buitelandse deelname en bemarkingsgeleenthede nie. Die vertrouenskrisis wat Suid-Afrika tans ondervind en wat 'n dempende effek op binnelandse entrepreneurskap en buitelandse deelname plaas, sal beslis uit die weg geruim moet word aleer dit moontlik word om 'n enigsins optimistiese <u>Toekomsperspektief</u> van die Suid-Afrikaanse ekonomie te kan hê.

## 6. <u>Strukturele Hervorming en Herverdeling</u>

Indien ons die Sosiale Welvaart van die totale bevolking oor die langtermyn na wense wil bevorder, sal die owerheid toepaslike hervormingsmaatreëls moet tref en/of die owerheid sal moet toesien dat 'n historiese proses van <u>strukturele verandering</u> volledig voltrek word. Sodanige beleidsmaatreëls en prosesse sal toereikend moet wees om ten minste die bogenoemde strukturele hindernisse so goed as moontlik uit die weg te ruim en om die ander bevolkingsgroepe volledig by die hoofstroom van die ekonomiese aktiwiteit in te skakel.

Enkele van die hervormings- en herverdelingsmaatreëls wat getref sal moet word ter bevordering van Sosiale Welvaart (= Algemene Belang) oor die langtermyn verdien uitdruklike vermelding.

(a) <u>'n Bevolkingsbeleid</u>

'n Werklik verbeeldingryke program om die "bevolkingsontploffing" so goed as moontlik in toom te hou, is dringend noodsaaklik. In hierdie verband sal krotwoonbuurtes waarin hoë (en dikwels buite-egtelike) geboortes plaasvind, opgeruim moet word. Wanneer die moraliteit van geboortebeperkingsmaatreëls ter sprake kom, moet ons waak teen die skynheiligheid om 'n moraliteit wat die blanke burgerstand pas op die Derde Wêreldmense van toepassing te wil maak.

(b) <u>Kompenserende maatreëls ("Affirmative action")</u>

Aangesien die skerp ongelyke verdeling van inkome van strukturele aard is, en deur sowel die <u>politieke</u> as die <u>ekonomiese</u> dimensies van Apartheid "veroorsaak" word, is dit nie voldoende om net Apartheid stelselmatig af te takel nie. Doelbewuste <u>kompenserende</u> maatreëls om vir die strukturele onreg van die verlede te vergoed, sal beslis in 'n groeiende mate getref moet word. Soos reeds gesê, is al "beperking" wat op hierdie soort herverdelingsmaatreëls geplaas kan word, die oorweging dat dit nie teen so 'n vinnige <u>tempo</u> moet gebeur dat dit onnodig ontwrigting veroorsaak en Suid-Afrika in 'n negatiewe-som-spel - of 'n <u>te groot</u> negatiewe somspel - sal laat beland nie. Maar gegewe dat sowat 57 persent van die Suid-Afrikaanse bevolking nie aan hulle Basiese Menslike Behoeftes (BMB) kan voldoen nie, sal die owerheid in elk geval 'n 10 of 15 jaar program van stapel moet laat loop wat die bevrediging van die groots moontlike getal se BMB as mikpunt sal hê. Dit spreek vanself dat sodanige programme die afskakeling van blanke lewenstandaard tot gevolg sal hê.

(c) <u>Die bevordering van arbeidsintensiewe ondernemings</u>

Ek het reeds aangetoon dat die neiging na steeds hoër kapitaalinstensiteit 'n baie ongesonde kenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomie is. Hierdie neiging sal nie alleen gestuit moet word nie. Dit sal ook omgekeer moet word. Dit is uiters belangrik dat die kapitaal-per-arbeider - in sowel die nywerheid as die landbou-sektore - oor 20 jaar aanmerklik laer sal wees as wat dit vandag is.

As deel van hierdie regstellingsproses sal kleinskaalse en arbiedsintensiewe ondernemings - maar veral ook leinskaalse swart boerdery - swaar gesubsideer moet word.

Ons moet daarteen waak dat subsidies (en veral subsidies vir die landbou-bedryf) nie 'n slegte betekenis verkry nie. Ek is sterk ten gunste van subsidies wat wanverhoudings uit die verlede wil regstel en wat vir onreg uit die verlede wil kompenseer. In 'n ontwikkelende lande waar die verskillende bevolkingsgroepe se ontwikkelingspeile so skerp verskil soos in Suid-Afrika, kon allerhande vorme van subsidies 'n belangrike rol speel om meer gebalanseerde en meer gediffernsieerde ekonomiese ontwikkeling te laat plaasvind wat op die langtermyn besonder bevorderlik vir Sosiale Welvaart kan blyk te wees.

Daar bestaan hopelik instemming dat die subsidies wat op grond van die Bemarkingswet van 1937 toegestaan is aanvanklik 'n groot welvaartskeppende effek gehad het, maar later in ongeoorloofde bevoorregting en in burokratiese rompslomp ontaard het. Ek is sterk gekant teen subsidies wat nie op grond van geldige welvaartskeppende oorwegings gemaak word nie, maar bloot die resultaat is van oordrewe (politieke) bedingingsmag waaroor sekere goedgeorganiseerde en goed-geinstitusionaliseerde pressiegroep beskik. Net so moet ons waak dat subsidies nie "geinstitusionaliseer" raak nie en dat subsidies waarvoor 'n geldige saak in sê 1987 bestaan, nog altyd in die jaar 2010 toegestaan sal word nie. Die voortgesette bestaan van bepaalde subsidies moet deurlopend geskrutineer word. Baie van die subsidies en ander vorme van verskuilde bevoorregting - wat inderdaad deel vorm van strukturele apartheid - moet so gou as moontlik totaal uitgefaseer word - om plek te maak vir geoorloofde of welvaartbevorderende subsidies.

Terwyl blanke boere vir so lank - en dikwels op grond van geoorloofde redes - gesubsideer is om tot ekonomies selfstandige boere en entrepreneurs te ontwikkel, is ek baie sterk ten gunste van toepaslike subsidies om soveel klein swart boere as moontlik - in of buite die Nasionale State - tot ekonomies selfstandige boere en entrepreneurs te laat ontwikkel. Ek hoop die Konferensie gaan baie aandag aan hierdie saak gee.

(d) <u>Toepaslike Ekonomiese en Politieke hervorming</u>

Sosiale Welvaart kan oor die langtermyn net na wense bevorder word indien baie ingrypende <u>strukturele veranderinge</u> op ten minste vier lewensterreine kan plaasvind met die doel om al die mense in Suid-Afrika by die hoofstroom van <u>politieke</u>, <u>ekonomiese</u> en <u>sosiale</u> bedrywigheid te betrek.

Hierdie vier lewensterreine is (i) die denk- en lewensingesteldheid van al die mense maar veral dié van die belankes; (ii) die politieke terreine waar toepaslike hervorming sal moet plaasvind om aan die ander bevolkingsgroepe effektiewe deelname in die sentrale parlement te gee; (iii) op ekonomiese terreine waar omvattende aanpassings sal moet plaasvind om die markgeoriënteerde stelsel meer sensitief te maak vir die bestaans- en ontwikkelingsbehoeftes van die Derde Wêreldmense in sowel faktor- as verbruikersmarkte en (iv) op sosiale vlak waar die hiërargiese kompartementalisering van die Apartheidstelsel vervang sal moet word met 'n sosiale stratifikasie van dwarssnydende belange-groeperinge om groter stabiliteit aan die stelsel te verleen en die bestaande middelpuntvlietende kragte teen te werk.

Ek aanvaar dat u sal saamstem dat 'n detail bespreking van hierdie vierledige proses van strukturele verandering buite die bestek van hierdie referaat lê. Nogtans moet die Sosiaal-ekonomiese kragte wat werksaam is - ook op die terrein van die Landbou-ekonomie - te alle tye teen die agtergrond van hierdie <u>wenslike</u> struktuurverandering gesien en beoordeel word.